

3 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:1-10 (NAV)

'n Ewige woning

Een van die moeilikste dinge waarmee ons moet saamleef, is die wete dat ons lewens maar 'n voortdurende sterwe is. Veroudering is 'n realiteit waaraan niemand van ons kan ontsnap nie.

Paulus vergelyk ons aardse bestaan met 'n tent. 'n Tent is 'n tydelike woning wat gou opgeslaan, maar ook gou afgebreek kan word. Dit is nie 'n goeie beskutting teen sterk wind en harde reën nie. So is ons aardse bestaan ook maar soos 'n tent. Dit is tydelik van aard, kan maklik afgebreek word en is nie beskut teen die sterk aanslae van die lewe nie. Elke keer wanneer ons siek word, wanneer ons na ou foto's kyk en sien hoe ons ouer word, veral ook wanneer ons langs die graf staan, word ons weer daaraan herinner dat ons aardse bestaan maar tydelik is. Ons is almal tente wat wag om afgebreek te word.

Die troos is egter dat die afbreekproses wat ons ervaar nie buite God se beskikking geskied nie. Dit is die Here wat ons aardse tent afbreek, sodat ons inwoners kan word van die ewige woning wat Hy vir ons by Hom voorberei. Veroudering, siekte en dood is alles die naderende voetstappe van God wat besig is om die tentpenne uit te trek. Hierdie afbreekproses moet ons nie bangmaak nie, want God is die Een wat afbreek om weer op te bou. Veroudering is nie die teken van 'n naderende einde nie, maar wel 'n teken van 'n nuwe begin wat kom. Die nuwe woning wat die Here vir ons bou, is 'n ewige huis in die hemel wat deur God self gemaak is. Dit is sterk en stewig en kan nie afgebreek word nie.

Sing: Psalm 84:1,2 Dr N Vorster (Bultfontein)